Na ons besoek aan Ngoma het ons die naweek op Rwankerstasie, die mees noordelike stasie in Ruanda, deurgebring. Hier het ons Broeder en Suster Monnier en Broeder en Suster Jurie Moolman ontmoet. As mens hierdie stasie vir die eerste keer besoek, besef jy lewendig die prag wat party plekke van hierdie ou aarde nog versier. Rwankeri het sy volle aandeel in hierdie natuurlike skoonheid. Die vrugbaarheid van die grond lyk onoortreflik,—oral is die koppies bedek met kafertuine en lyk op 'n gestikte deken; daar is volop kaffers en hulle is arbeidsaam en die natuur vrygewig ondanks die verkeerdheid van die mens. In die verte verrys die hoogste bergtoppe van Ruanda, een daarvan Kerisimbi is 'n uitgewerkte vulkaan, sy top is dikwels met sneeu bedek. Rwankeri self, hoewel anderhalf graad onder die ekwator, het 'n koel en versterkende klimaat. Die heel jaar deur brand die vure in die oop vuurhaarde morens en aande en hierdie beskerming teen die koue word baie gewaardeer soos ons uit ervaring weet.

Te Rwankeri sowel as Gitwe, het die Sendingvrywilligers wonderlik bygedra tot die uitbreiding van die werk. Die gevolg van hul entoesiasme is van die aard dat dit vir Broeder Monnier en sy werkers groot moeilikhede veroorsaak, omdat hulle nie in staat is om vir die groot menigte te sorg nie en die gebrek aan fondse dit nie toelaat nie om meer werkers aan te stel. Ook kan mens nie verwag dat die sendingvrywilligers sal aanhou met hul tuine te verwaarloos nie en sonder enige middel van bestaan die mense wat hulle toebring, sal versorg nie. In 'n apologie aan die komitee vir die agressiewe program wat hy onmoontlik kon beperk en wat die sending verder uitbetaling van fondse op die hals gehaal het, sê Broeder Monnier: "Toe ek twee jaar gelede die Sendingvrywilligers opgeroep het om ons te help om die werk klaar te maak, het ek nie geweet wat gaan kom nie. Amper bokant elke moontlikheid van beheer is ek in vraagstukke ingewikkel waaruit ek

my nie kon terugtrek nie—die offisiële aanvaarding van nuwe werk. Ons Sendingvrywilligers het daarvir gesorg en tog hulle moet ook lewe. Baie het volle tyd gearbei na weke van belangstelling, en bygevolg moes ek hulle ondersteun. Was die belangstelling minder, dan kon hulle hul tuine bewerk en sonder salaris klaargekom het. Maar die toestand het van die aard geword dat dit nodig was om vol tyd onderwysers op plekke aan te stel. Te Bunjuri staan Onderwyser Gedeoni vir die vraagstuk om meer as vier honderd bekeerlinge te versorg. Hoe kan 'n Sendingvrywilliger so 'n menigte versorg? Al die nuwe werk wat op verskillende plekke ontstaan het, vorm 'n vraagstuk wat ek onmoontlik kan oplos, of daar moet sonder uitstel die nodige fondse kom. Ons het 'n ontsaglike vermeerdering van siele, tegelyk word ons begroting jaar op jaar minder." Met hartroerende erns het Broeder Monnier uitgeroep: "Ek kom hier nie om te bedel nie, ek lê net die toestand voor julle soos hy is. Ek kan die werk nie behartig nie onder ons teenwoordige begroting. . . . Ek is ten dele verantwoordelik vir hierdie toestand, maar ek meen ook dat dit die hand van die Here is."

Waarlik Broeder Bozarth en sy handjievol werkers in daardie veld wat deur die Gees aangeraak is, het behoefte aan hemelse wysheid om hierdie dringende saak te reël.

Sabbatmore te Rwankeri was daar vir Sabbatskool en kerkdienste 'n groot opkoms van 7,157 siele, die grootste vergadering wat ooit op een van ons sendingstasies in Afrika bymekaar gekom het. Waarlik oor die natuurlike in daardie streek word in groot mate uitgegiet die belofde gawe van die late reën.

'n Interessante kenmerk van die Sabbatskool was die vertoning van 'n banier deur die besoekende Sabbatskool wat die vorige Sabbat die grootste offerande per hoof bygedra het. En die lede het baie bly gelyk oor hul sukses. Hierdie banier is die resultaat van 'n proefneming deur Broeder Moolman en saam met ander maatreëls het dit baie bygedra om die Sabbatskool-offerandes heel wat te laat toenem.

Toe die dienste vir die dag oor was en die blanke werkers in die huis van Broeder Monnier saamkom om die Sabbat te sluit, het ons besef dat die Here ons daardie dag naby was en Sy gees oor Sy kinders uitgegiet het. Ons het Hom gelooft vir wat ons oë gesien het; en soos nooit tevore nie het ons die grootheid van die taak besef,—die ongedane taak wat nog voor lê. Hier te midde van 'n magtige, ja, ongekende ontwaking hoor duisende siele die geseënde boodskap en keer hulle na die lig toe; en hier was ons, en hoe hopeloos was hulle om hul pad te vind en hoe min kon ons doen in vergelyk met die groot behoefte. Voor hulle 'n sterk teenstand, party het alreeds tronkstraf en slaie verduur, party moes listige versoeking weerstaan waar hulle deur aantrekklike offers weggelok word, werk en geld wat vir

solke eenvoudige siele 'n groot versoeking is. Hierdie mense het dringende behoefte aan hulp, en hulle sien op ons wat hulle tot die lig gebring het. Maar so groot is hul getal en so min die werkers dat om so 'n kudde te versorg op sigself reeds 'n reusetaak is. Wat nog van die wat vir die boodskap wag!

Toe ons Ruanda verlaat, voel ons dat ons in 'n plek was waar die Gees van die Here aan die werk was. Ons gebed was dat Sy beskermende hand oor hulle mag wees en die wat nog nie gewaarsku was nie, die genadige uitnodiging spoedig mag hoor.

Die tuisreis het ons deur Uganda en Mombasa gelei. Ons het 'n korte besoek aan Broeder en Suster Toppenberg kan bring, en op Eldoretstasie Broeder en Suster Bert Sparrow ontmoet. Ouderling C. V. Anderson, Buurtsending- en Sending Vrywilligersekretaris van die Noord Europese Divisie was ook op die trein en ons het 'n paar aangename en geseënde ure met mekaar deurgebring. Dit was ook 'n voorreg om op die boot hiernatoe Ouderling G. A. Ellingworth te ontmoet, as ook Broeder en Suster Kutz, Junior, wat van Duitsland as sendelinge na die Tanganyika veld gestuur is. Hierdie toevallige ontmoeting met al hierdie werkers gee mens 'n indruk van die snelheid waarmee hierdie boodskap gaan en van die feit dat die werkkragte van ander divisies aaneensluit om die werk in Afrika klaar te maak.



'n Woord aan Ons Jongmense

L. E. FROOM

In hierdie dae kom die vraag dikwels op watter vooruitsigte vir diens in die konferensie is daar na graduasie? Ons wil ons nie aanmatig om te profeteer nie; maar dit weet ons: Hierdie adventboodskap sal in die hele wêreld tot 'n getuënis gepredik word, *totdat die end self daar is*. Dit beteken nie noodsaaklik met gewaarborgde ondersteuning van die konferensie nie, in die verwarde tonele van die laaste dae. Altemit sal dit meer wees soos in die dae van die apostels, en in die eerste tyd van die adventbeweging. Daar was toe geen fyn uitgewerkte organisasie van konferensies en finansiële sisteme nie. Die gemeentes in verskillende plekke het min of meer self verantwoordelik gewees vir hul bestaan. En selfs vandag gaan dit nog netso in party van ons groot divisies soos Sovjet Rusland; en die jongste moeilik-hede in Duitsland het ook daar 'n soortgelyke toestand laat ontstaan.

Die mens is blind wat nie insien nie dat die mensheid 'n nuwe tydperk ingegaan het—om nooit weer terug te keer na die ou tyd nie,—met nuwe toestande van bestuur, en ongekende vraagstukke en reëlings wat voorlê. Maar daar sal altyd tot op die laaste nog behoefte wees aan rekrute vir die predikamp en Bybelwerk, nie alleen om die plekke op te vul wat

deur ouderdom, siekte en dood oop kom, maar ook om die werk volgens die goddelike plan uit te brei en klaar te maak. Moenie jou onnodig kwel oor ondersteuning van die konferensie nie. Ons sal algar een van die dae 'n nuwe reëling op hierdie punt sien. Ons is op die rand van die tyd van benoudheid. Maak jousef klaar vir 'n plek in selfopofferende diens en die plek sal daar vir jou wees. Die toestande doen 'n beroep op die heldemoed.



'n Oproep vir Juwele

A. E. NELSON

ERENS in 'n klein dosie in 'n laai van die toilettafel lê 'n diamantring, 'n goue armband, 'n halssieraad, 'n paar oorringe, goue spelde, balspelle, ens.—Daar lê hulle, altemit al vir jare; want hulle word nie meer gebruik nie. Toe die boodskap van die Here kom, het ons uit die Skrif gesien dat sulke versiersels onbestaanbaar is met die drag van 'n Christen, en dat die wedergebore mens nie meer belang stel in die dra van goud en silwer en juwele nie, maar in die aandoen van die Here Jesus Christus alleen,—die mooiste versiersel wat daar kan wees. Wat moet ons maak met al hierdie versiersels? Ons wil hierdie vraag beantwoord in die lig van die behoefte van die werk van die Here, en die spoedige koms van ons geseënde Heiland.

Ons weet natuurlik nie in hoeveel huisgesinne of brandkaste in ons Divisie daar nog waardevolle juwele is nie. Daar moet seker wees. En op die van ons gelowiges wat sulke juwele besit, wens ons 'n beroep te doen om dit aan die werk van die Here te gee. Nou is die tyd daar om datgene wat vir ons as Christene geen waarde meer het nie, tot nuttige gebruik om te sit.

Gedurende die Herfsraad in Oktober van laaste jaar is daar 'n bepaalde besluit geneem omtrent hierdie oproep. Ons laat dit hier volg:

“Die Smeltkroes vir die Sending”

“In die dae van Israel het die kinders van die Here hul goue en silwer versiersels gebring om die bou van die heiligdom te bevorder. Groot seën het op daardie handeling gevolg.

“Die Here het met rede vir ons die onderrig gegee wat die dra van goue en silwer versiersels uitsluit. Daar is seker duisende van hierdie versiersels veilig weggesluit in die huisgesinne en brandkaste van ons mense en

“Waar die teenswoordige krisis in ons program vir Buitenlandse Sending 'n persoonlike opoffering vra om die saak van die Here te help ondersteun, neem ons die volgende

“Besluit: 1. Om Sabbat, 17 Maart 1934, af te sonder as 'n dag waarop al ons mense oor die hele wêreld uitgenooi word om 'n dankoffer van goue en silwer versiersels aan die Here te bring.

2. Dat al die juwele en versiersels wat inkom, sal gestuur word aan die skatkis

van die Generale Konferensie en verkoop word. Die opbrengs sal aan die onderskeie unies gerapporteer word en geboek word op die Sieling-en-Ag-Pennies-per-Week Fonds.”

As die Gees van die Here u daartoe dring om daardie toiletlaaitjie of brandkas oop te sluit om u juwele te stuur tot ondersteuning van die werk van die Here, doen dit dan dadelik sonder enige uitstel of versuim en stuur dit aan die tesourier van die Generale Konferensie van Sewende-dag Adventiste (Suidelike Afrikaanse Divisie), Grove Laan, Claremont, Kaap.

Die Skatkisdepartement sal dit te gelde maak en die konferensie krediteer. So moontlik sal ons probeer om die gemeente vir die opbrengs van die verkoop te krediteer op hul sendingdoelpunt. Broeders en susters, die tyd is nou daar om ons los te maak van die goue en silwer en juwele versiersels wat ons laat terugdink aan die verlede toe ons hart aan die wêreldse dinge verbonde was.

Vandag is daar 'n ongeëwenaarde toestand; 'n groot geleentheid om die triomfe van die Kruis uit te brei; alleen gebrek aan fondse verhinder ons om van die geleentheid gebruik te maak. In hierdie verstandigheid besef ons tegelyk die feit dat die Here netnou gaan kom. Watter nut sal ons goud, silwer en juwele wees in die dag wanneer Hy kom? Laat ons lieverste die goud vandag laat smelt om dit in die werk van die Here te gebruik dan dat die vuur van die laaste dag dit sou smelt en verlore laat gaan.

Laat ons ons Heiland aanbid soos die wyse manne uit die Ooste wat Hom hul 'goud, wierook en mirre gebring het. Matt. 2:11.



Met Ons Evangeliste

AANMOEDIGENDE rapporte kom in van ons evangeliste en anderse wat evangelie-werk doen.

Ouderling Wilson rapporteer groot opkoms in die lokasie van Bloemfontein. Dit het selfs nie minder geword nie toe die toetswaarhede verkondig is. 'n Aantal het reeds hul besluit te kenne gegee om by die gemeente aan te sluit.

Ouderling Birkenstock vertel van 'n goeie en toenemende belangstelling in Krugersdorp.

Ouderling Raubenheimer het op die elfde Februarie sy vergaderings te Kroonstad begin. Van daardie dag af is die saal elke aand propvol. By party geleent-hede het baie geen sitplek kan kry nie.

Ouderling A. W. Staples het elke aand 'n groot opkoms. Sondagaande is daar soveel as vyf honderd mense.

Van Ouderling Le Butt het ons laas gehoor dat hy Sondagaand, 25 Februarie, sy vergaderings in Ladysmith, Natal, begin. Ons wens hom alle seën toe.

Die karavaanplan is nou deur en ons verwag voor die end van die jaar goeie resultate van hierdie fase van evangelie-werk.

Die Besoek van Ouderling Watson—'n Seldsame Geleentheid

L. L. MOFFITT

Dis 'n ongewone voorreg om die president van die Generale Konferensie teenwoordig te hê op die ledevergadering van ons plaaslike konferensie. Verwag word dat Ouderling Watson op tyd sal aankom en van die begin van die kampvergadering met ons gaan wees.

In die opmaak van ons program het ons die vernaamste geestelike uur deur heel die kampvergadering aan Ouderling Watson opgedra. Hy sal 'n skat van belangrike ervarings hê en 'n bron van geestelike hulp vir ons mense wees. Ons sal sy raad in die besigheid van ons konferensie hoog op prys stel.

Die vergaderings word in die Wanderers' Saal gehou en ons sal ons bes doen om kamers so na moontlik in die buurt van die saal te kry. Reeds kom daar besprekings vir losies in van verskillende kante van die veld. Daar is tekens dat baie die vergaderings gaan bywoon. Ons vertrou dat elke gemeente in die konferensie verteenwoordig sal wees. Besluit nou en bespreek jou plek vroegtydig. Skryf vir losies en verder inligtings aan die Sekretaris, Menr. P. W. Willmore, Bus 256, Bloemfontein, O. V. S.

Sitting van die Suid-Afrikaanse Konferensie

Die eerste sitting van die Suid-Afrikaanse Konferensie van Sewende-dag Adventiste word opgeroep om van 13 tot 21 April 1934 in die Wanderers' Club, Johannesburg bymekaar te kom. Beampies sal vir die volgende termyn gekies word en ander besigheid wat voor die konferensie mag kom, afgehandel word.

Die eerste vergadering sal in die Gimnasium Saal van bogenoemde klub gehou word: Sangdiens 7:30 uur en Openingsdiens 8:00 uur Vrydagaand, 13 April. Die eerste besigheidsvergadering sal Sondag, 15 April, om 2:15 uur n.m. in dieselfde saal bymekaar kom.

L. L. MOFFITT, *President*,
P. W. WILLMORE, *Sekretaris*.

Spoorwegkonsessies na die Kampvergadering

Die eerste kampvergadering en sitting van die Suid-Afrikaanse Konferensie sal van 13 tot 21 April e.k. in Johannesburg gehou word. Ons het 'n groot gedeelte van die Wanderers' Club vir die vergaderings gehuur en ons verwag dat 'n groot aantal van ons mense daar teenwoordig sal wees.

Om ons gemeentelike 'n kans te gee om teen minimum onkoste kampvergadering-

toe te kom, het ons skikkings getref vir Spoorwegkonsessies wat ekskursiepryse na Johannesburg beteken, op voorwaarde dat die lede nie vroeër as die vierde April daar aankom nie en hul terugreis teen middernag van 25 April voleindig het.

Onthou, mens kannie voor die vierde April in Johannesburg aankom nie. Jy mag natuurlik wel die kaartjies voor daardie datum koop.

Vir aansoek vir konsessie moet mens die volgende besonderhede gee:

- a. Naam en adres.
- b. Stasie waar jy wil opklim.
- c. Klas wat jy wil reis.
- d. Datum waarop jy van jou stasie vertrek.

Sommige lede het reeds aansoek vir konsessies gedaan, maar in party gevalle het hulle nie die nodige inligtings gegee nie, sodat ons hul aansoek vir verder inligting moes terugstuur, wat oponthoud veroorsaak het.

Applikasie vir konsessies en logies moet gestuur word aan, Die Sekretaris, Bus 256, Bloemfontein, O. V. S.

* *

Musikuse, Attensie!

Ons wil graag ons sangdiens op die Sitting en Kampvergadering van die Konferensie te Johannesburg goed deur orkesmusiek ondersteun. Ons sal dit baie waardeer as die wat van plan is om die Kampvergadering by te woon en wat stryk- of blaasinstrumente bespeel, so vriendelik wil wees om te skryf aan die Suid-Afrikaanse Konferensie, Bus 256, Bloemfontein, en ons wil laat weet watter instrument u bespeel. Dankie.

L. L. MOFFITT.

Helderberg Kollege

Nuus

Erica Tehuis is mooi gemaak met 'n nuwe verflaag, nuwe seile, klede en gordyne.

Die musiekdepartement tel nou dertig studente, sewe vir viool en die res vir klavier.

Broeder J. V. Wilson was besig om weer koeie en kalwers te laat registreer. Die kollege het nou vyf-en-dertig koeie en kalwers.

Teen dat hierdie uitgawe verskyn, sal die inskrywing by die kollege die 150 merk verby wees. Daar is nog verskeie studente wat in die naaste toekoms gaan kom. Louie Renou en Avis Palvie, van Taungs, is die jongste aangekomenes. Walter Cooks en Hermanus Grobler wat onlangs aangekom het, het die duisend myl van Johannesburg na hier op gewone fietse in nege dae afgelê.

Dit was 'n seën vir die kollege om Sabbat, 17 Februarie, Ouderling A. W. Staples te hoor. Sy opwekkende rede is in goeie aarde geval.

Die studente het die oproep vir die Week van Selfopoffering warm gehoor gegee, en geloftes het ingekom vir 562 uur aan werk en 42 selings aan kontant geld.

Nou die klipmuur amper klaar is, lyk die voorkant van die gronde anderste. Ons hoop net dat die hellings klaar mag kom, voor die plant van die boompies, voordat die winterreëns begin.

Mevr. Garne gee 'n kursus in voortgesette naaldewerk vir al die dogters in Standerd VIII. Vir hierdie doel is die werkkamers toegerus met nuwe naaimasjienes, tafels en ander benodigdhede.

Broeder C. C. Marais, huisvader van die seniorstudente, het al die seuns vir 'n paar uur na die strand uitgeneem. Hierdie jaarlikse uitstappie is 'n Christelike substituuat vir die inwyding van die nuwe studente.

Normal Cowlie, Leslie Le Butt, Hilda McCullough en Irene Bristow is deur die studente gekies om hulle op die kollege-raad te verteenwoordig. Hierdie raad is 'n komitee van nege lede wat planne beraam vir die maatskaplike welvare van die skool.

* *

'n Woordjie aan Ouers van ons Studente

G. E. SHANKEL

ONS wens op 'n vriendelike manier te praat oor die Sabbatskoolofferandes van ons studente. Ons doen ons bes om die studente te leer om gereeld en getrou te gee. Daar is egter gevalle waarin studente selde of ooit iets in die envelop sit. Dis waar in party gevalle waar mens dit die minste sou verwag. Ons glo dat die ouers seer sou kry of selfs vernederd sou voel, as hulle sou weet dat hul kinders die geld agterhou. Dis nie die grootte van die offerande wat die vernaamste saak is nie; dis eerder die waarde van die opvoeding wat in die gereelde gee skuil. In seker opsig word dit verwag dat ons jongmense by die skool die voortrou sal neem in elke geestelike saak. Maar ek vrees dat ons veronderkant die gemiddelde staan waar dit Sabbatskoolofferande betref. Ek wonder of ons ouers nie hul kinders wil aanmoedig nie om 'n bepaalde, gereelde bedrag vir hierdie doel af te sonder, al is hierdie bedrag ook nog so klein. Al die studente behoort te deel in die seën van gee.

* *

"Die fondament se onderlaag
Doet ongesiene diens, maar draag
Die duurste plig van die gebou
Om al die res in stand te hou."

—Langenhoven.

The Southern
African Division Outlook

Published semi-monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists
(Southern African Division)
Subscription price, 2/6 per annum

A. FLOYD TARR Editor
J. I. ROBISON Assist. Editor
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS
J. F. Wright President
A. E. Nelson Treas. and Auditor
A. F. Tarr Secy. and S. S. Secy.
A. N. Tonge Medical Secy.
M. P. Robison Ed. and M. V. Secy.
F. E. Potter H. M. and Field Miss. Secy.
J. I. Robison Religious Liberty Secy.

News Notes

(Concluded from page 4)

class the sewing room is being fitted with new machines, tables and other equipment.

Brother C. C. Marais, preceptor of the senior boys' hostel, treated all the boys to a few hours' romp at the seaside. This annual trip is a Christian substitute for initiation of the new boys.

With the cobblestone wall nearing completion, the frontage of the campus is taking on a different appearance. It is hoped that the grading of the slopes preparatory to the planting of shrubbery will be finished in time for the winter rains.

Norman Cowley, Leslie Le Butt, Hilda McCullough and Irene Bristow, have been elected by the students as their representatives on the College Council. The College Council is a committee of nine members to plan for the social welfare of the school.



Russian Famine Relief Fund

Previously reported	£48	4	1
M. H. Rudman	1	0	6
Charles Sparrow	1	0	0
P. Stevenson	1	0	0
Anonymous	1	0	0
Mary Baumann	1	0	0
Total	£53	4	7



Literature Wanted

PAPERS for missionary work. Any of our papers that are clean will be thankfully received. Kindly send post paid to Dr. H. G. Hankins, 108 Davenport Road, Durban, Natal.



"Do not pass by the little things, and look for a large work. You might do successfully the small work, but fail utterly in attempting a large work, and fall into discouragement."

S. A. Conference
L. L. Moffitt President
P. W. Willmore Secy.-Treas.
Box 256, Bloemfontein, O. F. S.

Elder Watson's Visit—A Rare Opportunity

L. L. MOFFITT

To have the General Conference president in attendance at our local conference constituency meeting is an unusual privilege. Elder Watson is expected to arrive in time to be with us from the very beginning of camp-meeting.

In the planning of our programme, we have assigned the leading spiritual hour throughout the camp-meeting to Elder Watson. He will have a wealth of interesting experiences and a store of spiritual help for our people. His counsel in the business of our conference will also be greatly prized.

The meetings are to be held in the Wanderers' Hall, and rooms will be secured in as close proximity to the hall as possible. Already reservations for accommodation are coming in from various parts of the field. The indications point to a large attendance. We trust every church in the conference will be represented. Decide now, and get your reservation in early. Apply for accommodation to the secretary, Mr. P. W. Willmore, P.O. Box 256, Bloemfontein, O. F. S.



With Our Evangelists

ENCOURAGING reports are being received from our evangelists and others engaged in evangelism.

Elder Wilson reports large attendances in the Bloemfontein location. These have not diminished at all despite the presentation of the testing truths. A number have already expressed their decision to unite with the advent people.

From Elder Birkenstock there comes the word of a good and growing interest in Krugersdorp.

Elder Raubenheimer, who commenced his meetings in Kroonstad on February 11 tells of a crowded hall each night since his meetings began. On some occasions many are unable to secure seats.

At Salt River Elder A. W. Staples is having a large attendance each evening, on Sunday nights the attendance being as high as 500.

The latest word regarding Elder Le Butt is that his meetings were to commence at Ladysmith, Natal, on Sunday night February 25. We wish him every blessing.

The Caravan plan is getting well under way and good results from this phase of evangelistic work are looked for before the close of the year.

South African Conference Session

THE first session of the South African Conference of Seventh-day Adventists is called to convene in the Wanderers' Club, Johannesburg, Transvaal, April 13-21, 1934. Officers will be elected for the ensuing term, and such other business transacted as may properly come before the conference.

The opening meeting will be held in the Gymnasium Hall of the above club, song service 7:30, and opening sermon 8:00 P.M., Friday night, April 13. The first business meeting will convene in the same hall, Sunday afternoon, April 15, at 2:15.

L. L. MOFFITT, President,
P. W. WILLMORE, Secretary.



Railway Concessions to Camp-meeting

THE first camp-meeting and conference session of the South African Conference will be held in Johannesburg, April 13-21. The use of a considerable portion of the Wanderers' Club has been hired for the meetings, and we expect a large number of our people to be present.

In order to enable our members to go to the meeting with a minimum of expense arrangements have been made for railway concessions, which will allow excursion rates to Johannesburg, providing the members arrive there not earlier than April 4 and complete the return journey by midnight, April 25.

Please note that you cannot arrive in Johannesburg before April 4. You may however, purchase tickets before that date.

When applying for concessions kindly note that the following details must be submitted:

- a. Name and address.
- b. Station where you will entrain.
- c. Class you will travel.
- d. Date you will leave your home station.

Some members have already applied for concessions, but in some cases have not given the information required. We have had to refer such requests back to the members concerned, and this has delayed matters.

Applications for concessions and room accommodation should be made to, The Secretary, P.O. Box 256, Bloemfontein, O. F. S.



Musicians, Attention!

At the conference session and camp-meeting in Johannesburg, we are desirous of having our song service strongly supported by orchestral music. We should appreciate it if those planning to attend the camp-meeting who play stringed or wind instruments would write to the South African Conference, P.O. Box 256, Bloemfontein, O. F. S., stating what instrument is played.

L. L. MOFFITT.